## AFDELING D: LETTERKUNDE

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

VRAAG 6: *BLADSAK* – Lucas Malan

VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" **EN** VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'n KIND"

**OF**

VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

### VRAAG 6

### VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

Juffrou Selati het twee weke gelede vir hulle verduidelik wat 'n museum presies is en wat hulle daar kan verwag.

***

Simon het dié middag diep ingedagte huis toe gestap. As juffrou Selati reg is, beteken dit mos …

***

Saterdagmiddag na ete, toe almal buite in die koelte van die naboom sit, het Simon sy pa vertel van hulle beplande uitstappie na die stad.

Hy het aandagtig na Simon geluister en toe opgestaan. "Kom saam met my. Ek wil jou iets wys." Saam is hulle die huis in. Bo uit sy kas het sy pa 'n trommeltjie gehaal en dit op die bed oopgemaak.

***

Simon skud verbaas sy kop. "Nee, ek het nie geweet nie. Vertel asseblief vir my die storie!"

"Jou oupa is in dié groot oorlog in Noord-Afrika deur die Duitsers gevang… "

6.1 Wat het Simon daardie oggend in sy rugsak gepak vir die uitstappie? Noem TWEE dinge. (2)

6.2 Waaraan het Simon gedink toe hy huis toe gestap het? (1)

6.3 Noem EEN voorwerp van Afrika-kulture wat juffrou Selati in die klas genoem het. (1)

6.4 Dink jy dit was reg dat oupa Job se familie van sy oorlogsdade moes weet?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.5 Die titel van hierdie verhaal is "Oupa Job kom terug".

Sê hoe hierdie titel in die verhaal WAAR geword het. (1)

6.6 Museums en geskiedenis speel albei belangrike rolle in ons lewens.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Oupa Job | A … was verbaas dat museums nie eie aan Afrika was nie. |
| 6.6.2 Simon | B … het 'n belangrike pos in die museum gehad. |
| 6.6.3 Jakob Molepe | C … het die geskiedenis van die land goed geken. |
| 6.6.4 Adam Dube | D … het baie in die museums geleer. |
| | E … het 'n bekende persoon in Suid-Afrika se geskiedenis geword. |

(4 x 1) (4)

6.7 Was Oupa Job dapper?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.8 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Oupa Job het die geweerkruit met 'n lang tou aan die brand gesteek.
- Oupa Job het geweerkruit tussen die brandstofdromme gesit.
- Oupa Job en sy makkers het van die skip afgespring.
- Oupa Job is op 'n Duitse skip in Tobruk aangehou. (4)

6.9 Het hierdie verhaal jou anders oor julle kultuurgoed laat dink?

Motiveer jou antwoord met EEN rede. (1)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.10) neer.

Watter les het oupa Job se familie uit hierdie verhaal geleer?

A Besoek museums gereeld.
B Bewaar kultuurgoed in jou sak.
C Gaan saam op skooluitstappies
D Wees trots op die goeie dinge wat jou familie gedoen het. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.11) neer.

Juffrou Selati het vir die kinders gewys dat …

A 'n ander kultuur ook waardevol kan wees.
B verhale van oupas en oumas vervelig is.
C hulle nie in die verlede moet leef nie.
D Geskiedenis 'n moeilike vak is. (1)

6.12 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.12) en die ontbrekende woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| Juffrou Selati; | Oupa Job; | Simon |

In hierdie verhaal is … die hoofkarakter. (1)

6.13 Dink jy dis reg dat Simon se familie kosbare kultuurgoed vir 'n museum geskenk het?

Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

> Bo die lang, dun *malalapalms* wat met hulle kruine die horison in die weste riffel, verdiep die kleure van die stapels somerwolke. Die skemer kom lê oor die Zambezi en dit word stil.
>
> ***
>
> Sy bolyf is kaal en hy vou sy een hand op sy bors in die ander asof hy koud kry, al is die aand windloos en warm. Is dit regtig waar dat hierdie stem van my die stem van 'n man gaan word?
>
> ***
>
> Toe hy die takke hoor kraak waar die kinders oor die heining klim wat om die lande geslaan is, raak die gevoel vir hom te groot. "Daar kom die groot water!" skreeu hulle. Hulle gille soos hulle teen die rantjie uithardloop om tussen die mopanies te gaan wegkruip, bring Molaeledi in beweging. Hy gryp 'n stok en hardloop soos die wind na die boot toe.

6.14 Hierdie verhaal speel af op die plek waar vier lande bymekaarkom.

Wat is die naam van hierdie plek wat in reëls 1 tot 3 beskryf word? (1)

6.15 Die inwoners van hierdie plek is heeltemal deur die buitewêreld vergeet.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.16 Watter eienskap moes die stem van die kind gehad het? (1)

6.17 Noem TWEE dinge wat die grootmense ophou doen het sodra hulle die stem van die kind gehoor roep het. (2)

6.18 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woord neer.

| bekommerd; | gelukkig; | tevrede |
|---|---|---|

Uit reëls 4 tot 6 lei ons af dat Molaeledi … was. (1)

6.19 Was dit regverdig dat die gemeenskap nie die respek aan Morobula gegee het wat hy verdien het nie?

Motiveer jou antwoord. (1)

6.20 Kon Morobula vir Molaeledi 'n rolmodel wees? (1)

6.21 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Molaeledi het die kinders met 'n stok verjaag.
- Molaeledi het 'n gevoel gekry wat hy nie geken het nie.
- Molaeledi het eers saam met die kinders vir Morobula geterg.
- Molaeledi wou saam met Morobula weggaan. (4)

Kopiereg voorbehou 

6.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.22) neer.

Aan die einde van die verhaal het die stem van die kind …

A baie sagter geroep.
B heeltemal stil geword.
C 'n ander tipe boodskap geroep.
D nog steeds oor vier lande getrek. (1)

6.23 Al die mense van Kubu het gewonder oor die boodskappe wat Molaeledi oor die rivier geroep het.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.23.1 tot 6.23.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.23.1 | Mohlapi | A | Die mense het gewonder of hy die boodskap sou lees. |
| 6.23.2 | Motsumi | B | Die mense het gewonder of hy dalk deur 'n olifant getrap is. |
| 6.23.3 | Mamaropeni se jongste | C | Die mense het gewonder of hy in Gauteng iets oorgekom het. |
| 6.23.4 | Morobula | D | Die mense het gewonder of hy in die myne seergekry het. |
| | | E | Die mense het gewonder of iemand hom met 'n stok geslaan het. |

(4 x 1) (4)

6.24 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.24) neer.

Hy gryp 'n stok en hardloop **soos die wind** na die boot toe (reël 10 en 11), is 'n voorbeeld van …

A klanknabootsing.
B 'n metafoor.
C personifikasie.
D 'n vergelyking. (1)

6.25 In hierdie verhaal lees ons van Molaeledi wat 'n talent gehad het.

Watter les het Molaeledi vir jou geleer oor talente wat jy ontvang het? (1)

6.26 Hierdie verhaal het 'n gelukkige einde.

Waarom kan ons so sê? (1)
**[40]**

**OF**

